SONDAG: 16

VRAAG EN ANTWOORD: 42

		Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?				
Antwoord: Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie,	1	Psalm 49:8	Niemand kan ooit 'n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie	Een mens kan tog nie 'n ander loskoop van die dood en aan God 'n losprys vir hom betaal nie?
		Markus 8:37	Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?	Wat sal 'n mens kan gee in ruil vir sy lewe?
maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe.	2	Johannes 5:24	Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.	"Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan.
		Romeine 7:24	Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?	Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?
		Filippense 1:23	Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;	Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;

.